**Daar is drie wat getuig in die hemel. Is hierdie teks apostolies? (1 Jn 5.7)**

Daar is vandag nog baie predikers wat luidkeels verkondig dat 1 Jn 5.7 apostolies is en dat ons dan hierdie teks met respek moet hanteer. Maar indien jy meer lig op hierdie saak wil he,

gaan na -

www.housealtarnetwork.com

Dan na -

Christian Jewish Studies
en dan na "Belydenisse binne die Christendom" - dit is `n pdf weergawe.
Gaan dan na "Addisionele Info" en doen `n (digitale) soek na die volgende onderwerpe wat jou perspektief op hierdie saak behoort te gee:

Erasmus
Textus Receptus
1 Joh. 5.7
Comma Johanneum

Feit is, Desiderius Erasmus was tydens die Reformasie aangese deur die Pous om `n nuwe vertaling vanuit die oorspronklike Grieks te doen. Hierdie vermaarde tekskundige het toe die waarheid ontdek: 1 Jn 5.7 was nie deel daarvan nie!

Tydens sy vergelykings en navorsing het hy tot die besef gekom dat dit vanuit die Latynse tekstradisie kom en dat dit toe op hierdie wyse tot die NT teks bygevoeg was.

Die Latynse teks was baie duidelik deurslaggewend tot die Triniteit-perspektief en Noord-Afrika was, soos dit voorkom, ook die voorloper van die afvallige Moederverering wat Maria selfs die Heilige Gees gemaak het (Tabernakel van die Heilige Gees) ook haar veral opvaringstatus gegee het as "Moeder van Jesus" en wie vir die gevalle mensdom intree by haar Seun - ons behoort dan die oorhoofse afvallige Latynse tradisie hier raak te kan sien.
Hierdie saak is dan vir ons van belang want Paulus verklaar baie duidelik dat die waarheid vir die leuen verruil sou word (Rom. 1.25). En Johannes, die langslewende apostel, verklaar in sy tyd dat baie valse profete (segspersone wat bevange was met misleidende geeste) in die wereld uitgegaan het (1 Jn 4).

Dit is dan beslis belangrik om hierdie saak met `n oop gemoed te benader omrede so baie mislei word en hoofsaaklik uit onkunde. Sou hierdie tipe belydenis gehandhaaf word, draai ons kulties - daar is afvallige sektes wat die tipe belydenis letterlik onderskryf in hulle belydenisse en om hierdie rede word daar dan ook aangevoer dat daar drie persone (fisies) in die hemele is en wie dan die drie getuies (Vader, Seun en Gees) moet wees.

Maar kon God en Sy Gees ooit gesien word? Het Stefanus byvoorbeeld God en Sy Gees gesien, dit is terwyl hy gestenig was en soos wat dit tog baie duidelik in hierdie afvallige belydenis weerspieel

word?

Die tipe belydenis is selfs teen die tradisionele Triniteitbelydenis want die Triniteitbelydenis verkondig `n onverdeelbare drie-persoon-God en drie afsonderlike getuies (persone) is dan baie duidelik iets wat selfs `n geharde Trinitarier behoort te verwerp. Dit was juis die Latynse tradisie wat `n sterk band met die Roomse tradisie gehad het en die Triniteitbelydenis het beslis vanuit Rome sy verskyning gemaak alhoewel dit, na bewering oorspronklik vanuit Asie kom - dit het dan via Asie op Rome deurgewerk wat vir enige navorser baie behoort te se.!

Kennis bring lig en om hierdie rede behoort ons nie geestelik traag te wees nie maar ons behoort `n gees van ondersoek by onsself wakker te maak want dan sal Jesus Christus weereens die sentrale figuur in ons belydenisse word. God die Vader het immers vir Jesus as wegwyser tot die Lewe aangestel en hierdie boodskap is soos `n goue draad verweef in die NT apostoliese leer (Jn 14.6).

`n Gees van dwaling is `n leuengees en omdat die leuen so maklik aanwas en gedy, moet ons bedag daarop wees om waarheid na te speur ten spyte van wat ookal aan ons oorgedra was deur ons ouers en ons belangrike geestelike rolspelers.

Dit is dan `n baie interessante studieveld wat gerus nagegaan kan word. Raadpleeg gerus ook aanbevole werke.

Ester Blomerus